NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

# PASTORALE BRIEF

# SEPTEMBER 2023

## JESUS EN VROUEMAAND

"Dit verseker Ek julle: Oral waar die evangelie in die hele wêreld verkondig word, sal daar ook vertel word wat sy gedoen het, tot 'n herinnering aan haar" Markus 14:9

Hier in Vrouemaand onthou ons weer dat ons Here Jesus anders met vroue gewerk het as die gebruik van sy tyd. Dink maar aan daardie vrou by die put – sy kon self amper nie glo hoe Hy met haar praat nie! En al ken ons almal die twaalf manne wat Hy gekies het om sy dissipels te wees, besef ons vandag dat daar 'n paar vroue was wat Hom met net soveel toewyding en ywer gevolg het. Hulle was *ook* sy dissipels - in 'n tyd toe dit werklik ongehoord was!

Dis dié dat hierdie verhaaltjie so kosbaar is. Daar het baie legendes rondom Maria Magdalena ontstaan – maar waarvan ons wel seker kan wees is dat die Here haar uit die greep van Satan verlos het. Was dit deur haar gesondheid vir haar terug te gee, of is sy verlos van 'n lewe van sonde, soos die legende lui? Ons weet nie regtig nie. Al wat ek weet, is dat sy Jesus met ongekende oorgawe daarna gevolg het – sy was selfs aan die voet van die kruis, en die eerste getuie van die Paasmôre.

Vandag nog onthou ons, dat sy iets verstaan het wat geen ander dissipel toe nog gesnap het nie, en al haar spaargeld gevat het om Hom te salf met die oog op die lyding wat voorgelê het. En natuurlik, onthou ek die deernis waarmee Hy hier van haar praat. Sy was vir Hom baie kosbaar. Net soos enige dissipel vandag nog, manlik of vroulik...